LA AFTREEFONDS
Verseker jou aftrede

LEDE NUUSBRIEF

Uitgawe 1 ≡ Feb 2021

Nota van die hoofbeampte

Geagte Lede

Welkom by die heel eerste nuusbrief van 2021. Hoewel 2020 'n baie moeilike jaar vir almal was, het dit ons beslis gewys dat die mense van Suid-Afrika heelwat sterker is as waarvoor ons onsself krediet gee. Te midde van hierdie pandemie het ons bo ons omstandighede uitgestyg en volhard ondanks hindernisse en uitdagings op ons pad.

Ons vertrou dat 2021 'n beter jaar vir almal van ons sal wees. Mag ons vorentoe ook hierdie nuutgevonde krag inspan om ons eie lewens en die van almal rondom ons te verbeter.

As 'n fonds het ons geleer hoe belangrik dit is om aan te pas en buigsaam te wees. Dit is al manier om seker te maak dat ons steeds ons lede kan ondersteun, inlig en bemagtig. Ons virtuele opleidingsessies, aftreebeplanningsessies en beleggingseminare vir lede is van die nuwe inisiatiewe wat ons in werking gestel het as deel van ons poging om seker te maak ons lede bly ingelig en bemagtig om goeie keuses te maak.

Dankie vir u deelname en gewilligheid om by die veranderinge in te val!

Aan die begin van die nuwe jaar bly ons verbind tot samewerking sodat u die finansiële toekoms kan geniet wat u verdien. Ons sal voortgaan om opleidingsessies en aftreebeplanningsessies aanlyn vir lede aan te bied. Ons wil u, ons lede, ten sterkste aanraai om hieraan deel te neem. Kennis is tog mag! Ons sal voorts in Mei ons eerste regstreekse virtuele Algemene Jaarvergadering (AJV) aanbied. Ons sal verheug wees as soveel moontlik lede by ons kan aansluit deur in te skakel op die vergadering. Lees die jongste hieroor hieronder.

Ilse Hartlief
Hoofbeampte

Voortsetting van aanlyn skakeling

Ons het in 2020 met die aanlyn reis begin en ons doelwit is om vanjaar voort te gaan om opleiding- en aftreebeplanningsessies vir lede aanlyn aan te bied. Dis nie meer nodig om te reis nie – gebruik net die skakel om aan te sluit by kort aanlyn sessies van 30 minute. So kan u in die gemak van u kantoor of huis meer oor u Fonds leer en die voordele wat dit vir u bied.

Hou hierdie ruimte dop om te sien watter opwindende planne die Fonds het om in 2021 met u te skakel. Al wat ons nou al kan sê, is dat dit in u beste belang is om seker te maak dat die Fonds u jongste e-posadres en selfoonnommer het.

Sterftevoordeel – van toepassing op lede wat vóór 1 Augustus 2017 lede van die LA Aftreefonds geword het

U sal onthou dat die fonds in 2017 die versekerde voordele herstruktureer het om by die voortdurend veranderende behoeftes van ons lede aan te pas. Die nuwe struktuur vir sterftevoordele het die konsep van keuse ingebring om lede in staat te stel om die dekkingsbedrag te kies wat hul behoeftes, begroting en omstandighede die beste pas.

Lede het die geleentheid om hul veelvoude te verander en hul vlak van dekking elke jaar op 1 Julie, en/of binne 3 maande ná 'n lewensveranderende gebeurtenis, te verhoog of te verlaag.

Vir watter voordele kwalifiseer u?

Die tabel hieronder illustreer vir elk van die ou risikovoordeel-opsies A,B,C,D en E, die verskillende ouderdomsgroepe, die vlak van doodsdekking (veelvoude van jaarlikse pensioendraende salaris) beskikbaar in elke ouderdomsgroep, asook die verstekopsie van toepassing indien u nie in 2017 'n formele keuse gemaak het nie.

Ou risiko-kategorie	Jonger as 30 jaar	30-39 jaar	40-49 jaar	50-54 jaar	55-75 jaar
A of B	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 4	0, 1, 2, 3, 4 Verstek = 4
C	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3 Verstek = 3
D	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 0	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 0	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 0	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 0	0, 1, 2 Verstek = 0
E	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 3	0, 1, 2, 3, 4, 5, 6 Verstek = 5	0, 1, 2, 3, 4, 5 Verstek = 5	0, 1, 2 Verstek = 2

U kan u huidige vlak van doodsdekking op u 2020-staat van jaarlikse lidvoordele nagaan, of die afdeling vir lede-inligting op die veilige webtuiste besoek, of die Verso-mobiele toepassing (app) gebruik. U kan ook die Fonds se dienssentrum om hulp vra.

Aanpassing van u lewensdekking volgens u behoeftes

Die volgende opsies is beskikbaar:

A

Verander u vlak van dekking op 1 Julie

U mag u vlak van dekking een keer per jaar verhoog deur u gekose veelvoud te verhoog, of u vlak van dekking verlaag deur die veelvoud te verlaag. U aansoek om u dekking te verhoog moet teen 31 Maart deur die administrateur ontvang word. Indien dit deur die versekeraar goedgekeur word, sal die verhoging op die 1ste van die maand ná die versekeraar se goedkeuring (maar op die vroegste op 1 Julie) in werking tree. 'n Aansoek om verhoging van die doodsdekking is onderhewig daaraan dat u bewyse van u goeie gesondheid aan die versekeraar verskaf. Die vereiste mediese inligting sal deur die versekeraar bepaal word en die koste verbonde aan mediese toetse en/of ondersoeke sal deur die versekeraar betaal word. Indien u besluit om u dekking te verlaag, moet u aansoek teen 31 Mei ontvang word. Geen mediese inligting word vereis wanneer 'n verlaging in doodsdekking versoek word nie. Kry asseblief die betrokke vorm van die webtuiste onder risikovoordele: *Opsievorm vir verandering in die versekerde sterftevoordeel vir lede van vóór Augustus 2017.*

B

Verander u vlak van dekking binne 3 maande ná 'n lewensveranderende gebeurtenis

U kan ook kies om u dekking te verhoog of te verlaag wanneer u 'n lewensveranderende gebeurtenis ervaar. 'n Lewensveranderende gebeurtenis word gedefinieer as 'n troue, 'n egskeiding, die dood van 'n eggenoot, die geboorte van 'n kind, bevordering by die werk, of 'n verandering in u werkskontrak van permanent en heeltyds na 'n vastetermyn-kontrak, of andersom. U het 3 maande vanaf die datum van die lewensveranderende gebeurtenis waarin u kan aansoek doen om 'n verandering van u lewensdekking. Kry asseblief die betrokke vorm van die webtuiste onder risikovoordele: *Opsievorm vir lewensveranderende gebeurtenisse wat 'n verandering in die versekerde sterftevoordele noodsaak vir lede van vóór Augustus 2017.*

C

Verskuiwing van een ouderdomsgroep na 'n volgende

Wanneer u van die ouderdomsgroep 30-39 na 40-49 jaar beweeg, kan u kies om u dekking van 'n maksimum veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris te verhoog.

Wanneer u van die ouderdomsgroep 40-49 na 50-54 jaar beweeg, word die maksimum veelvoud van 6 maal na 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris verlaag. Lede wat die opsie van 6 maal jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, sal outomaties vanaf 1 Julie wat volg op die bereiking van die ouderdom van 50, teruggeskuif word na 5 maal hul jaarlikse pensioendraende salaris.

Verskuiwing vanaf die 50-54 ouderdomsgroep na die 55-75 ouderdomsgroep – u maksimum veelvoud verlaag van 5 keer tot 4 keer u jaarlikse pensioendraende salaris vir ou risikovoordele-opsie A- en B-lede. Vanaf ouderdom 55, is die maksimum sterftedekking vir gewese risikovoordele-opsie C-lede 3 keer die jaarlikse pensioendraende salaris en vir gewese risikovoordele-opsie D- en E-lede twee keer die jaarlikse pensioendraende salaris. Op die 1ste Julie wat volg op die bereiking van die ouderdom van 55, sal lede wat op veelvoude van jaarlikse pensioendraende salaris van meer as die maksimum vasgestel vir die 55-75 ouderdomsgroep se voordele-op.

Dit is belangrik om die volgende te onthou:

- Die maksimum bedrag van dekking verlaag na gelang van ouderdom. Die rede hiervoor is dat dekking toenemend duurder word hoe ouer ons word. Die trustees verkies dat lede vir hul aftrede spaar eerder as om groot premies vir doodsdekking te betaal.

- Indien u in die ouderdomsgroep 30-39 is en die maksimum veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, en dan geen keuse uitoefen wanneer u na die volgende ouderdomsgroep beweeg nie, sal u outomaties in die ouderdomsgroep 40-49 steeds kwalifiseer vir 'n veelvoud van 5 maal u jaarlikse pensioendraende salaris. Dit is ondanks die feit dat u aansoek kon gedoen het om u dekkingsveelvoud na 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris op te stoot.

- Indien u in die ouderdomsgroep 40-49 is en die maksimum veelvoud van 6 maal u jaarlikse pensioendraende salaris gekies het, en u maak geen keuse wanneer u na die volgende ouderdomsgroep beweeg nie, sal die nuwe maksimum veelvoud van 5 maal se dekking outomaties van toepassing op u wees in die ouderdomsgroep 50-54.

- Vanaf die 1ste Julie ná die bereiking van die ouderdom van 55, verskil die maksimum veelvoud van dekking van toepassing op elke ouderdomsgroep vir elk van die ou risikovoordele-opsies.

Wat is die belangrike ouderdomme wanneer die maksimum dekking verander?

Indien u voorheen 'n lid van die ou risikovoordele-opsie A of B was:

Wanneer van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 beweeg word, verminder die maksimum veelvoud vir dekking outomaties van 5 maal na 4 maal u jaarlikse pensioendraende verdienste. U word dus nie beperk tot 'n maksimum veelvoud van 2 maal die jaarlikse pensioendraende verdienste van toepassing op diegene wat op of ná 1 Augustus lede van die Fonds geword het nie

Indien u voorheen 'n lid van die ou risikovoordele-opsie C was:

Wanneer van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 beweeg word, verminder die maksimum veelvoud vir dekking outomaties van 5 maal na 3 maal u jaarlikse pensioendraende verdienste. U word dus nie beperk tot 'n maksimum veelvoud van 2 maal die jaarlikse pensioendraende verdienste van toepassing op diegene wat op of ná 1 Augustus 2017 lede van die Fonds geword het nie.

Indien u voorheen 'n lid van die ou risiko-opsie D of E was:

Wanneer van die ouderdomsgroep 50-54 na 55-75 beweeg word, verminder die maksimum veelvoud vir dekking outomaties van 5 maal na 2 maal u jaarlikse pensioendraende verdienste.

Belastingveranderinge geldig vanaf 1 Maart 2021

Die Regering is die laaste paar jaar besig om die manier waarop aftreefondse werk, te hersien en te standaardiseer. Met ingang van 1 Maart 2021 sal voorsorgfonds-aftreevoordele op dieselfde wyse uitbetaal word as dié van pensioen- en aftree-annuïteitsfondse.

Dit is belangrik dat u verstaan hoe hierdie veranderinge gaan werk omdat die LA Aftreefonds, hoewel dit 'n geregistreerde pensioenfonds is, aftreevoordele uitbetaal asof dit 'n voorsorgfonds is, bloot as gevolg van sy paragraaf (a)-status.

Wees asseblief verseker dat daar geen rede tot kommer of paniek is nie – hierdie verandering raak glad nie u onttrekkingsvoordeel nie.

Indien u bedank, deur u werkgewer afgelê of ontslaan word, en u dus uit die LA Aftreefonds tree, is u geregtig op u volle bedrag aan spaargeld of lidaandeel in die fonds. U kan steeds kies om dit in kontant te neem (hoewel u sterk afgeraai word om dit te doen omdat dit belastingimplikasies het).

Wat verander dus vanaf 1 Maart 2021?

Wanneer u uit die LA Aftreefonds tree, sal u steeds geregtig wees op u volle gespaarde bedrag of lidaandeel in die Fonds. Afhangende van u omstandighede kan egter vereis word dat u 'n gedeelte van u aftreespaargeld gebruik om 'n pensioen (annuïteit) te koop, hetsy binne die Fonds (lewende annuïteit binne die Fonds), of buite die Fonds by 'n geregistreerde verskaffer van finansiële dienste.

Indien u op 1 Maart 2021 jonger as 55 jaar is en in die toekoms uit die LA Aftreefonds tree:

- Sal u steeds al u aftreespaargeld of volle lidaandeel (saam met enige groei daarop) wat u soos op 28 Februarie 2021 in die LA Aftreefonds opgebou het, as 'n enkelbedrag in kontant kan neem wanneer u aftree. Dit staan bekend as u "gevestigde reg".
- Sal al u spaargeld vanaf 1 Maart 2021 (saam met enige groei daarop) egter deel van u "niegevestigde reg" wees en by aftrede, indien hierdie gedeelte meer is as R247 500, sal u slegs een derde in kontant kan neem en moet die balans gebruik word om 'n pensioen te koop (hetsy 'n lewende annuïteit binne die Fonds, of 'n pensioen by 'n geregistreerde verskaffer van finansiële dienste).

Hoe gaan dit werk?

Indien u op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer is en in die toekoms na 'n ander fonds gaan en daarna aftree:

- Sal u al u aftreespaargeld of lidaandeel (saam met enige groei daarop) wat u in die LA Aftreefonds opgebou het tot die datum van oordrag, as 'n enkelbedrag in kontant kan neem wanneer u aftree.
- Sal al u spaargeld wat sedert u oorplasing in die nuwe fonds opgebou is (saam met enige groei daarop) egter deel vorm van u "niegevestigde reg", en indien hierdie gedeelte by aftrede meer is as R247 500, sal u slegs een derde in kontant kan neem en moet die balans gebruik word om 'n pensioen te koop.

Indien u op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer is en in die toekoms uit die LA Aftreefonds tree:

Sal hierdie verandering u nie raak nie – u sal steeds die opsie hê om al u aftreespaargeld of lidaandeel in kontant te neem wanneer u aftree (hoewel dit weens belastingimplikasies nie aanbeveel word nie).

In 'n neutedop: Hierdie veranderinge is daarop gemik om seker te maak dat lede nie in die versoeking kom om hul aftreespaargeld te vinnig ná hul aftrede uit te gee nie.

Indien u enige vrae het of 'n behoefte om u aftreekeuses met iemand te bespreek, kontak asseblief die fondsraadgewer, Grant Greenfield.

U kan Grant op die volgende maniere kontak:

- E-pos: support@laretirementfund.co.za
- Tel: 021 943 5305
- WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)

Virtuele AJV op 28 Mei 2021

Die Fonds sal sy eerste regstreekse virtuele Algemene Jaarvergadering (AJV) op 28 Mei 2021 om 09:00 aanbied. Die inperkingsmaatreëls in die land het ons almal gedwing om anders te werk te gaan. Terselfdertyd het ons eerstehands gesien wat met die beskikbaarheid van tegnologie gedoen kan word. 'n Aanlyn AJV sal die tyd en koste van 'n reis na 'n Kaapse bestemming vir die AJV uitskakel en soveel meer van ons lede in staat stel om hulle by ons aan te sluit wanneer ons die jaar wat verby is, asook die pad wat die trustees vorentoe beplan, op die AJV in oënskou neem en bespreek.

Hoewel alle deelnemende plaaslike owerhede tans gevra word om lede/pensioenarisse en raadsafgevaardigdes te verkies/te benoem om by die vergadering in te skakel, wil die raad alle lede aanmoedig om dit te doen. Dit is 'n goeie geleentheid om meer van die Fonds se beleggings, befondsingsvlakke, voordelestruktuur en hoogtepunte uit die finansiële jaarstate van 30 Junie 2020 te wete te kom. Lede sal ook teen die einde van die vergadering vrae kan stel.

Sluit op 28 Mei 2021 om 09:00 by ons aan – wees op die uitkyk vir die AJV-nuusflits en aanlynskakel wat nader aan die tyd aan alle lede gestuur sal word.

Trustees: Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Me. M van Zyl (Ondervoorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack, Mnr. J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg,
Hoofbeampte: Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark,
Twist straat, Bellville, 7530 • WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)
Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2